



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
22 Mei 2022

Hemelvaart

Vanoggend

Skrifgedeelte: Jak 1:14-15

Tema: Dodo die apie en Koki die krokodil
Oppas vir die duiwel. Hy is ligtig en kan jou maklik vang!

Ons Program

Vandag

- **Kinderdiens** om 9:30 (kerk) olv ds. Jaco
- **Kategese**
- **Deuroffer:** Gemeentehulp 1

Donderdag 26 Mei: Hemelvaart

- Ons het 'n gesamentlike **Hemelvaartdiens** om 18:00 in die Gereformeerde Kerk olv ds Jaco. Hulle nooi ons om ná die diens 'n koppie tee by hulle te geniet.



Sondag 29 Mei

- **Nagmaaldiens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Deuroffer:** Gemeentehulp 2



29 Mei tot 2 Junie: Pinksterbidure

- Vanjaar se **Pinksterbidure** is van Sondag 29 Mei tot Donderdag 2 Junie, elke aand om 18:00. Ons gaan vanjaar enkele gedeeltes uit die boek Openbaring lees.

10 Dae van Dag en Nag Gebed vir Herlewing in die Kerk

26 Mei - 5 Junie 2022

Die Vader se Belofte - En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader...

- Lukas 24:49

Ons Bybellees-program

Ons lees die boek **1 Tessalonisense**. Vandag is dit hoofstuk 2.



Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel as Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daar bo is waar Christus aan die regterhand van God sit, en wat nie op die aarde is nie.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seënninge en genade vir elkeen van julle wees.

23 Mei DJ Jacobs; Karen van der Berg

24 Mei Du Toit van der Westhuizen; Anita Wagner

25 Mei Stefan Bester



Huweliksherdenking

27 Mei Koos & Ona Oosthuizen (50j)



Voorbidding

- Johnny Small (steeds in die hospitaal)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en watertekort in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne
- Lina Oberholzer en haar mense - Tannie Magna van Loggerenberg se Roudiens vind plaas 28 Mei om 14h30. Ons sal nader aan die tyd bevestig of die diens by die kerk of Ons Woning sal wees.

Allerlei

Serpe

Baie dankie vir álmal wat reeds serpe gebrei het of nog besig is om te brei. Ons kort nog heelwat “enige kleur- of bont serpe” vir die koshuisleerders. Hierdie serpe kan asb so 1.2m lank wees in plaas van 1 m, vir die groter leerders. Die datum waarop die serpe moet in wees by Annamarie by die kerksaal is 24 Junie.

Die gemeente se Facebook-blad

Op die oomblik hanteer Elmien Thom die Facebook-blad. Ons wil hoor of daar enige persoon in die gemeente is wat belangstel om dit Desember oor te neem. Indien jy belangstel, skakel Elmien asseblief by 084 562 3434. Ons wil so gou moontlik reëlings begin tref om die persoon touwys te maak.



NG Kerk Trompsburg
hou

MAKIETIE

28 Mei 08h00
Trompies Laerskool

Handwerk Ou karre
Kindervermaak
Skyfskiet Braai
Slushpuppy
Kerrie en Rys Pannekoek
Chips Vleisverkope
Teetuin Deli
Poedings Veiling

© 2015 Gredia's

Ten Slotte

Gebed vir hemelvaart

Ons eer U, Here van hemel en aarde,
aan U kom toe die heerlijkheid en lof vir ewig.
Uit die duisternis van die dood het U u Seun verhoog
tot aan die regterhand van u majesteit omhoog.
Die Wegbereider van ons geloof het sy lyding volbring.
Hy het die pad hemel toe vir ons gebaan
en aan ons die beloofde Gees gestuur.
Mag ons gewillig wees om die Weg te volg
en só in die heerlijkheid van sy teenwoordigheid te kom
waar liedere van oorwinning vir altyd opklink.

Verheerlikte Christus,
ons dank U dat U vir ewig leef om vir ons te bid,
veral ook noudat U aan God se regterhand is.
Ons bid tot U as ons Here,
en met U, bid ons ook tot die Vader –
Mag u Naam geheilig word.
Mag u koninkryk kom.
Mag u wil geskied.
Mag alle mense brood hê om hulle liggaam en siel te voed.
Mag u mense die weg van vergifnis bewandel,
en vas staan in tye van versoeking.
Mag U, met die Vader en die Gees, al die heerlijkheid ontvang.
Amen.

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001